

Brei 'n bont

KAT OF HOND

Die trui is maklik om te brei, die borduurwerk verg 'n bietjie ervaring

Koste: Sowat R70 vir hond-jietrui en R40 vir katjietrui.

MATE

Om kinders van 3(5; 7) jaar te pas

Ware grootte

Borsmaat 39(42; 45) cm

Lengte tot skouer 42(45; 48) cm

Moulengte 25(28; 31) cm

SPANNING

22 ste en 30 rye = 10 x 10 cm oor koussteek met 4,00 mm-Ne. Onthou om werkdrade aan agterkant ineen te draai by kleurwisseling om gate te voorkom.

Die regte spanning is uiters belangrik; as daar minder steke in jou toetslappie is, moet dunner, en indien te veel, dikker breinaalde gebruik word.

AFKORTINGS

alt – alternatiewe

aw – brei aweregs

beg – begin

r – brei regs

rif – riffelsteek (r1, aw1 deurgaans)

rs – reksteek (elke ry regs)

R(V)K – regte(verkeerde) kant van werk

st(e) – steek(steke)

tes – tesame

vermeer – vermeerder

vermin – verminder

vlg – volgende

weersk – weerskante

Terriërtrui

BENODIGDHEDE

Pingouin 100% suiwer wol (50 g-bolle): sowat 4 bolle blou (indigo, kleur nr. 15); 3 bolle rooi (24), 1 bol elk swart (09) en naaswit (Aran, 01); resbietjies liggrys en beige
1 string elk Anchor-bor-

AGTERPANT

Soos agterpant van katjietrui, maar slaan oor na blou pleks van seegroen. Kyk op bl. 68.

VOORPANT

Brei middelboord soos vir agterpant; slaan oor na blou, brei ks tot 15e(21e; 27e) ry ná swart middelboord voltooi is en beg hond-motief.

Brei pote en onderkant van lyf

Wanneer motief voltooi is, word met blou voortgebrei tot werk 41(44; 47) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n VK-ry.

Skouer- en halsvorming

Soos vir katjietrui - bl. 68.

MOUE (2)

Gebruik 3,25 mm-Ne en swart, stel 44(46; 48) ste op, brei 8 cm rif. Slaan oor na 4,00 mm-Ne,

herh –

herhaal

ks – koussteek (1 ry

regs, 1 ry aweregs)

N(e) – naald(e)

oorbl – oorblywende

pat – patroon

duurwol in roesbruin en oranje
Paar elk breinaalde van 3,25 mm en 4,00 mm
Stel van 4 tweepuntbreinaalde van 3,25 mm
Stomp naald met groot oog vir borduurwerk

met

wit.


Die ander

kleure word later met duplikaatsteek geborduur.

■ = Swart
 X = Liggrys
 ○ = Beige
 ▲ = Rooi
 ● = Bruin
 * = Oranje
 + = Wit

aan weersk van elke vlg
4e ry, 17(19; 21) keer –
78(84; 90) ste. Brei tot
werk 33(36; 39) cm lanl
is vanaf beg en heg af.

Voltooi hondjiemotief op voorpant volgens diagram. Werk verder af soos katjietrui bl. 69.





Katjietrui

BENODIGDHEDE

Pingouin Classic DK (50 g-bolle): sowat 4 bolle seegroen (Coelacanth, kleur nr. 52); Pingouin Family Knit DK (50 g-bolle): 3 bolle Cognac (kleur nr. 47), 1 bol elk swart (17) en donkerbruin (44); resbietjies lig-grys, goudgeel en wit
Paar elk breinaalde van 3,25 mm en 4,00 mm
Stel van 4 tweepuntbreinaalde van 3,25 mm
Stomp naald met groot oog vir borduurwerk

AGTERPANT

Gebruik 3,25 mm-Ne en swart, stel 86(94; 102) ste op.
Brei 5 rye ks, dan 1 ry r aan VK en nog 6 rye ks.
Slaan oor na 4 mm-Ne en seegroen, brei ks tot werk 44(47; 50) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n VK-ry.

Skouer- en halsvorming

Vlg ry: Brei 30(33; 36) ste, heg vlg 26(28; 30) ste af, brei tot

einde.

Linkerskouer

Brei 1 ry. Heg aan beg van vlg ry en daaropvlg alt ry (= halsrand) 2 ste af – 26(29; 32) ste. Brei tot werk 46(49; 52) cm lank is vanaf beg en heg af.

Regterskouer

Heg werkdraad aan halsrand soos uiteengesit van oorbl ste vas, heg ste af en voltooi soos linkerskouer.

VOORPANT

Soos agterpant tot 7(13; 19) rye seegroen ná swart boord voltooi is.

Kyk op diagram om katmotief te brei; bepaal middel van aantal ste op N en begin katmotief daarvolgens met Cognac. Die ander kleure word later in duplikaatsteek geborduur. Wanneer motief voltooi is, word met seegroen voortgebrei tot werk 41(44; 47) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n VK-ry.

Skouer- en halsvorming

Vlg ry: Brei 37(40; 43) ste, heg 12(14; 16) ste af, brei tot einde.

Regterskouer

Brei 1 ry.

Heg in vlg

ry en

daaropvlg alt

rye aan hals-

rand 1 keer 4 ste

af, 1 keer 3 ste, 1

keer 2 ste en 2 keer

1 st. Brei tot pant so

lank soos agterpant

tot skouerafhegting is

en heg af.

Linkerskouer

Heg werkdraad aan halsrand van oorbl ste

vas en heg in dié ry

en daaropvlg alt rye

aan halsrand ste af

soos vir regterskouer.

Voltooi soos uiteenge-

sit.

MOUE (2)

Gebruik 3,25 mm-Ne en swart, stel 44(46; 48) ste op.

Brei 8 cm rif. Slaan oor na 4,00 mm-Ne en Cognac en brei strepe in volgens diagram. Bepaal middelste st op N en in 1e ry bereken plasing van

strepe

vanuit middel na

weersk.

Vermeer **terselfdertyd** 1 st aan


weersk van elke vlg 4e ry, 17(19;

21) keer – 78(84; 90) ste. Herh

20-ry-streep-pat tot werk 33(36;

39) cm lank

Sleutel tot diagram X = Donkerbruin



is vanaf beg en heg af.


AFWERKING

Voltooi katmotief op voorpant, borduur strepe, vlekke en kop soos aangedui op diagram. Werk skouernate toe. Gebruik tweepunt-Ne en swart om 84(88; 92) ste rondom uit hals-

rand op te tel. Brei 3 cm rif en heg lossies af. Werk moukoppe vas. Werk sy- en mounate toe. Onthou om laaste 4 cm van mouboordjie aan ander kant toe te werk vir 'n netjiese omslag. Vou middelboord by regsriffel na binnekant om en werk só vas.

Sleutel tot diagram

- = Swart
- ▲ = Geel
- X = Gry
- * = Bruin
- + = Wit
- = Donkerbruin



ATKV-DAMES

NAALDWERKWEDSTRYD

VIR LEERLINGE

WEN OPWINDENDE NAALDWERKPRYSE

PRYSE

- Naaimasjiene
- Omkapmasjiene

KATEGORIEË

- Kleding
- Handborduurwerk
- Masjienborduurwerk

ATKV-DAMES bied aan elke skoler die geleentheid om groot pryse los te slaan.

Pryse word toegeken per standaard en die leerlinge ding op nasionale vlak met mekaar mee in die verskillende kategorieë.

- Voltooi die vorm hierby as jy nadere besonderhede verlang.
- Die sluitdatum vir die inlewer van naaldwerkartikels vir streekbeoordeling is 30 September 1996.

ATKV-DAMES NAALDWERKWEDSTRYD

Stuur aan ATKV-Dames, Pobox 4586, Randburg, 2125.
Kontakpersoon: Tia Rabé/Petro Greeff
Tel. (011) 886-4888

Naam
Adres
..... Kode
Tel.